

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 30e Uitgawe 13 Desember 2013
saam met Koersvas 30



Die vurk in die pad

Die eerste verwysing in die NHKA na die vurk in die pad was in 1995 gemaak met die Eietydse getuienis wat uitgereik is. Die verwysing toe was na 'n kruispad in die teologiese denke van die NHKA. Daar was betoog dat die Kerk kennis moet neem dat daar gekies moet word tussen 'n meer liberale teologie en die Bybels-Reformatoriese teologie wat so eie was aan die NHKA. Die opmerking was ook 'n wekroep om te waarsku teen die groei van die liberale teologie in die Kerk. Die waarskuwings is ignoreer en die weerstand is telkens in die sand gelei. Dit was nie 'n wyse benadering nie. Liberalisme as teologiese benadering het gegroei by die fakulteit en deur die fakulteit het liberalisme die teologiese basisdenke van baie nuwe predikante geword (gelukkig nie almal nie, maar wel 'n groot groep). Die vurk in die pad het 'n skeiding van die weë geword waar daar in een Kerk twee teologiese strominge was. Aan die een kant die groeiende liberale teologie wat Bultmann se denke ondersteun, en aan die ander kant die meer fundamentele teologie wat Bybels-Reformatories (soms ook eties en soms as dialekties getipeer) in aanslag is.

Die vurk in die pad het gemaak dat daar nie meer werklik debat was nie. Die twee groepe het mekaar nie gehoor nie, al was daar gesprek op gesprek, toespraak na toespraak by die AKV. Terwyl die meerderheid van die teoloë behoudend was, het daar 'n

ongemaklike skietstilstand geheers. Die skale het iewers in 2007 tot 2010 geswaai en skielik was liberale teoloë die meerderheid. Dit liberale teologie met sy meer humanistiese (gefokus op die mens) aanslag, is bevatlik vir bevrydings-teologiese denke. Die aanvaarding van 54/69 is hiervan 'n bewys. Die resultaat van die vurk in die pad wat in 1995 reeds aangedui was, is dat daar nou ander vurke in die pad gekom het. Organisasoriese en emosionele vurke.

Die organisatoriese vurk in die pad het gekom toe gemeentes besluit het dat hulle nie gemaklik voel met die situasie in die NHKA nie. Daar is teologiese besluite geneem wat praktiese implikasies het. Daar is besluite geneem wat neerkom op 'n breuk met die geskiedenis van die NHKA.

Die behoudende teologiese stroom wou nie hierdie nuwe teologiese en historiese selfverstaan toe-eien nie. Die enigste opsie was om in lyn met hulle teologiese oortuigings kerkte wees. Die AKV besluite het dit egter 'n onmoontlike opsie gemaak binne die NHKA. Die dwingende van 'n besluit soos 54/69, asook die tiranniese BAKV besluit, het ampsdraers, lidmate en gemeentes gedwing om konkreet gestalte te gee aan hulle teologiese grondslag. Die besluit van gemeentes om as onafhanklike Hervormde gemeentes aan te gaan en kerk te wees, moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Die teologiese stroom kon nie meer gestalte vind binne die

NHKA nie en daarom moes 'n ruimte geskep word waarbinne hierdie teologiese (en historiese selfverstaan) prakties uitgeleef kon word. Selfstandige gemeentes is derhalwe die organisatoriese keuse by die vork in die pad na aanleiding van die teologiese vork wat daar was.

Die emosionele vork in die pad is die moeilike een om navigeer. Vir die meeste lidmate is die organisatoriese van die NHKA, asook die naam, vir hulle die gestalte van kerk in die wêreld. Hulle sien steeds die NHKA as die Voortrekkerkerk. Hulle het 'n emosionele verbintenis met 'n hersenskim uit die verlede. Ons vind daarom dat steedsHervormers, asook baie Selfstandige lidmate, steeds van die NHKA as die kerk praat.

Hulle besef nie dat hulle gedagtes gestol het iewers in die 1990's nie. Die NHKA het gekies vir 'n nuwe teologiese lyn, met praktiese implikasies vir elke lidmaat en gemeente. Die NHKA het sy rug gekeer op sy eie geskiedenis. Dit is reeds in die vorige Skietlood aangedui. Die NHKA streef nou ander ideale na. Lidmate in die NHKA wat steeds 'n Voortrekkerkerk sien, het alle voeling met die werklikheid verloor.

Die voortsetting van die Voortrekkerkerk is nie in 'n naam of 'n organisasie ingebed nie, maar in die teologie en die historiese toe-eiening. Die vork in die pad sal eendag wys dat die teologiese denke, asook die historiese selfverstaan van die Selfstandige gemeentes, die ware voortsetting van die Hervormde psige is. Lidmate moet nou ook kennis neem dat die emosionele vork in die pad reeds voor ons opdoem. Daar moet

gekies word. Die Skietlood hoor steeds te veel lidmate wat om sentimentele redes lojaliteit betoon aan 'n instituut wat lank reeds sy eie verlede verwerp het. Lees gerus meer hieromtrent by <http://www.steedshervormers.co.za/verklaring/inligtingstuk-2012>